# 588

# O God van hoop




2
Ons het 'n hoop wat oor die einde
oor sterwensuur en graf heen reik.
Dis onaantasbaar vas en seker
as alle aardse dinge wyk.
Ons het 'n toekoms saam met Christus –
die einde is maar die begin.
Die dood is oorgang tot die lewe –
ons woon by God vir ewig in.

3
Nooit kan geloof te veel verwag nie,
want God bly aan sy Woord getrou.
Geen grense is daar aan sy mag nie,
Hy sal al sy beloftes hou.
Die hoop op Hom vervul ons lewe,
laat ons die koninkryk verwag,
totdat die volheid van sy vrede
nuut deurbreek op die laaste dag.

Teks: *Zoo blij de landman moe' van't ploegen* - Hieronymus van Alphen en Abraham Rutgers 1806; AGB 1944;
gewysig WD Jonker en Attie van die Colf 1978 / 2001
Melodie: *Psalm 118* - Straatsburg 1545 / Genève 1551
Harmonisasie: HPA Coetzee 1976